NOTULE
ALGEMENE JAARVERGADERING
2 SEPTEMBER 2010
Piketberg Skougronde, Piketberg

1. Opening en verwelkoming

Die voorsitter heet almal welkom en Joepie Burger open met gebed. Spesiale verwelkoming aan gaste en borge vir die dag.

2. Verskonings

Sien Aanhangsel 1.

3. Goedkeuring van vorige notule

Notule van Jaarvergadering, 30 September 2009 te Porterville word aan vergadering voorgehou. Prof. Robbie Reinecke stel voor dat notule aanvaar word en word gesekondeer deur Joepie Burger.

4. Finansiële verslag

'n Geouditeerde finansiële verslag (1 Maart 2009 tot 28 Februarie 2010) word deur Martin Slabbert, van Roelof Oosthuizen Ingelyf, voorgelê en bespreek. Uitgawes en Inkomste word bespreek. Probleme tans is die uitstaande debiteure. Finansiële verslag word aanvaar en goedgekeur deur die vergadering.

5. Verkiesing van Bestuur

5.1 Voorsitter Vergadering herkies die huidige voorsitter, Peter Barrington as voorsitter vir 2010/2011.

5.2 Onder voorsitter Vergadering herkies die huidige onder-voorsitter, Rudolf Andrag as onder-voorsitter vir 2010/2011.

5.3 Uitvoerende Komiteelede Sal deur onderskeie eenhede aangewys word en deurgegee word vir verspreiding aan lede.

6. Wysiging aan grondwet

Geen voorstelle vir wysiging is voorgelê nie. Geen wysiging sal derhalwe plaasvind nie.

7. Verhoging van ledegeld

Besluit word geneem dat ledegeld nie verhoog sal word nie maar dat dit tydens volgende jaar wel weer bespreek sal word. Prof. R Reinecke voel dat die wyse waarop ledegeld bereken word hersien moet word en sal konsep voorberei vir bespreking deur die dagbestuur en die UK.

8. Wysiging aan reëls en regulasies (minimum standaarde)

Die " Standaard Riglyne" word deur Charl voorgelê aan lede en dit word bespreek. Lede wat dit wel toepas verseker dat dit werk en grootskaalse verliese deur brande voorkom word. Die lede voel dat redelik maklik implementeerbaar is en dat die minimum is wat iemand kan doen om skade te beperk. Van die lede voel dat dit geïnkorporeer moet word by die reëls en regulasies van die BBV en dat dit dan verpligtend raak vir lede. Sommige ander voel dat dit meer verpligtinge plaas op lede wat hul kan benadeel. Bertus Senekal meld dat lede wel 'n wetlike verpligting en verantwoordelikheid het om hulle eiendom te beskerm teen enige brandskade en om te verhoed dat vure sal versprei. Aktiewe deelname aan die GCBBV en deurlopende implementering van aksies soos vervat in onderskeie bestuursplanne is dus noodsaaklik.

9. Algemeen

9.1 Halfmanshof bestuurseenheid

Abrie Loubser, meld dat plase by Halfmanshof deur 'n rivier geskei word en dat een gedeelte in die Wynland Distrik val. Bertus meld dat indien 'n vuur vanaf die Weskus DM se kant versprei hy met die nodige toestemming oor grense mag werk maar dat brandbestryding aan die Kaapse Wynland DM se kant by die Kaapse Wynland DM berus. Grondeienaars in die Kaapse Wynland DM sal vir sodanige dienste betaal.

Die grondeienaars in die gebied wil as 'n eenheid by die GCBBV aansluit aangesien die GCBBV reeds gestig en aktief funksioneer. Besluit dat eienaars tot teen die De Hoek pad kan aansluit by die GCBBV. Charl sal die eenheid met die brandweerhoof, Hermie Visser bespreek. Vergadering besluit dat dit so moet geskied.

9.2 Weervoorspellings

Dale Morgan verneem of "SA Weather Services" genooi is na die vergadering. Word aangeteken dat die instansie wel 'n belangrike rol in voorspellings kan speel.

9.3 Sambreel BBV

Vraag word gevra of die stigting van 'n sambreel BBV enige invloed op die GCBBV sal hê. Charl meld dat dit (Wes-Kaap BBV) slegs 'n positiewe invloed gaan hê op die GCBBV. Die samewerking en vennootskap met WoF in direkte uitvloeisel hiervan en verder gaan die GEF befondsing deur die Sambreel gekanaliseer word.

9.4 Skenking van kragsae

Mnr Kobus Eigelaar oorhandig 'n Stihl kettingsaag aan die GCBBV namens Zebra Fresh Fruit. Kobus moedig lede aan om van die span gebruik te maak en deur die skenking sal die span ook behulpsaam kan wees met indringerplantbeheer. Charl bedank Kobus en Zebra Fresh Fruit vir die skenking.

Charl meld dat 'n lid wat anoniem wil bly ook 'n kragsaag geskenk het.

10. Vrystelling oor die maak van bane.

Joel Syphus, van die Departement Landbou, Bosbou en Seevissery doen 'n aanbieding oor die proses om vrystelling te kry vir die maak van brandbane. Eienaars sal op Bestuurseenheid vlak georganiseer word ten einde vrystelling versoek formeel aan die Minister voor te lê. Daar sal nie "cart blanch" vrystelling gegee word nie maar lede sal verantwoordelik wees vir die implementering van brandbestuursplanne.

Santam verteenwoordiger meld dat vrystelling eers deur die minister goedgekeur word voordat dit vir versekerings doeleindes in aanmerking geneem sal word. As lede nie aan die Wet voldoen nie sal eise dalk nie uitbetaal word nie.

11. Jaarverslag

Charl bied die jaarverslag aan en lede aanvaar dit.

12. Afsluiting

Die Voorsitter bedank die Burgermeester en sy personeel vir die oorhandiging van sertifikate aan die span, SANTAM en Porterville Distributors vir borg van die dag, sprekers asook aan die lede teenwoordig.

Spesiale bedanking aan Working on Fire vir die vennootskap en die vestiging van die span op Piketberg.

Vergadering verdaag om 13:00

AANHANGSEL 1 : VERSKONINGS : JAARVERGADERING 2010	
Andrag, Rudolf	Luckhoff, Piet
Barlow, Graham	Marais, Buks
Basson, Marietjie	Naude, Fiona
Bingham, Alex	Nieuwoudt, Roux
Bruwer, van Niekerk	Paterson, Niel
Burger Gerrit	Patterson, Christa
Burger, Chrisjan	Pond, Ralph
Burger, Ernst	Reinecke, Anton
Carter, Patrick	Richter, Abri
Cloete, Elbie	Rontgen, Werner
de Villiers, Nicolaas	Ryke, Alfred
du Plessis, Francois	Serdyn, NA
Du Plessis, Rika	Simpson, Philip
Du Plessis, Stephan	Slabber, Martli
du Toit, Stephanus	Smit, Bertie
Edmonds, Charles	Smit, George
Esterhysen, Nickey	Smit, Gerrit
Evans, Anna	Smit, Isak
Evans, George	Smit, Tertuis
Ferreira,Anton	Stemmet, johan
Gerber, Frank	Tilney, Barry
Greeff, Gert	Toerien, jannie
Griffiths, Patrick	van der Merwe, Wihelm
Hanekom, Jurgen	van der Westhuizen, Johan
Hanekom, Theunis	van Niekerk, Thys
Huysamer, Marius	van Schalkwyk, Dirk
Karsten, Gerrit	van schalkwyk, Hanno
Lewis, Senta	Versfeld, Dirk
	Vorster, Pieter